



Kinderhoekie

Lees
1 Samuel 18:1-14

DAWID SPEEL OP DIE LIER

Maats, lees die skrifgedeelte, voltooi dan die teksvers hieronder en kyk dan of jy 7 liere in die prentjie kan opspoor. Kleur dan die prentjie mooi in.

[10] Die volgende dag het 'n boosaardige _____ wat deur God gestuur is, vir Saul _____, sodat hy in sy _____ te kere gegaan het soos 'n _____. Soos gewoonlik het Dawid op die _____ gespeel. ...



Suiderkruis
'n Gemeente vir Oud en Jonk



ONDER ONS 2022

Redaksie: Ds Tiaan Mostert, Elize van Niekerk & Hester de Beer

Tel & Faks 018 2947939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: suiderkruis

28 AUGUSTUS 2022

DAGBOEK

Vandag


- 08:00 Koffie en tee in die foyer
- 09:00 Oggendiensl
- 09:00 Kinderkerke
- 09:00 Reguitstr 13+
- 10:00 Koffie en tee in die foyer
- 18:00 Belydenisklas
- 18:00 Foyerdien (aanlyn)

SONDAG 4 September

- 08:00 Koffie en tee in die foyer
- 09:00 Oggendiens
- 09:00 Kinderkerke
- 09:00 Reguitstr 13+
- 10:00 Koffie en tee in die foyer
- 18:00 Belydenisklas

GEBED OM TE VERGEWE

Leer ons vergewe Heer sewentig maal sewe keer.
U het ons vergewe – ja al ons skuld vir ons gedra.
Aan die kruis het U ons vergewe, uit die dood verlos, laat herlewe; met 'n liefde diep en ryk teer op ons sondaars neergekyk. Vader vergeef hul wat hul doen -- so is ons met U versoen; vir my het U betaal vir my wat faal en faal. Ek bid vir liefde in die lewe om mekaar só te vergewe. Ons kniel vol eerbied voor U neer om elke dag weer te probeer. Amen. **-Nannie du Plessis**



GEBEDSLYS

Bid asb vir:

Anneke Noeth - Hospitaal
Henry Davis en familie met die afsterwe van Tannie Graaitjie.



HOEKOM GLO EK IN GOD?

Ek glo in God, want partykeer is die wêreld so "awesome" en dinge werk so goed uit dat my siel uitroep vir iemand om voor dankie te sê. Dan is dit Hy!

Ek glo in God, want soms is die berge en die sonsondergang en die wolke en die maan so mooi dat ek iemand nodig het om te prys. Iemand moes dit gemaak het. Dis Hy!

Ek glo in God, want partykeer gebeur goed wat so onbeplan is en so seer maak. En dan voel dit of niemand verstaan nie, maar dan onthou ek die spykers in Sy hande en die Man aan die kruis. Dan weet ek iemand huil saam met my. Dis Hy!

Ek glo in God, want partykeer is ek so deurmekaar en die lewe so sinneloos en my drome lyk onbereikbaar en dan het ek iemand nodig om saam met my die pad te stap en rigting te wys. Dan is Hy daar!

Ek glo in God, want partykeer is ek so dom en ek doen sulke "stupid" goed en sonde mors my hart en my lewe so op en maak ander so seer. En dan het ek nodig dat iemand vrede en wysheid bring. Dan is Hy daar!

Hy maak heel wat ek self verbrou het!

Hy bring genade selfs in seer wat ekself veroorsaak het!

Ek glo in God, want partykeer weet ek niks. Ek het leiding en wysheid nodig in 'n deurmekaar wêreld wat ek nie verstaan nie. En dan skryf Hy vir my in die Bybel en ek lees Sy Woord en hoor Sy stem en dinge maak weer sin!

Ek glo in God, in Jesus, in sy Gees, want Hy's daar! Heelyd! Altyd! Maak nie saak hoeveel keer ek dieselfde fout maak nie. Hy is daar!

As jy jou kop kan optel met 'n glimlag op jou mond en regtig dankbaar is vir jou seëninge, is jy gelukkig, want meeste mense kan, maar doen dit nie.

As jy hierdie boodskap kan lees, het jy dubbele seën ontvang, iemand het aan jou gedink en jy is voorgetrek bo miljarde mense wat glad nie kan lees nie. **TEL JOU SEËNINGE!**

FONDSINAMELINGSPROEKTTE: 2022

- Pannekoek by Pick&Pay: 9/10 Sept, 7/8 Okt (Maryna Marais)
- Snoekbraai en kersliedere: (Thys Franken & Elsabe van Aswegen)

GEBED OM TE VERGEWE

Leer ons vergewe Heer sewentig maal sewe keer. U het ons vergewe – ja al ons skuld vir ons gedra. Aan die kruis het U ons vergewe, uit die dood verlos, laat herlewe; met 'n liefde diep en ryk teer op ons sondaars neergekyk. Vader vergeef hul wat hul doen -- so is ons met U versoen; vir my het U betaal vir my wat faal en faal. Ek bid vir liefde in die lewe om mekaar sô te vergewe. Ons kniel vol eerbied voor U neer om elke dag weer te probeer. Amen.

-Nannie du Plessis

VERJAARSDAGLYS

Vandag: Geen verjaarsdae

29 Augustus: Johanett Nieman, Marie Nieman, Maritsa Botha

30 Augustus: Danelle Goedhals, Jerry Mommsen

31 Augustus: Tertius Godhals, Petro Doman

1 September: Roelf van Aswegen, Carin Botha

2 September: Nileen du Preez, Nita Kok, Yvonne Malan, Alexa Steyn

3 September: Susan Vlok, Phillip Marais, Marno Moolman

NB: Indien u naam nie op die weeklikse verjaarsdaglyis verskyn nie, kontak asb die kerkkantoor sodat ek kan vasstel waar die probleem is. **- Elize**



VANDAG IS 'N NUWE DAG IN JESUS SE NABYHEID

Vandag is 'n nuwe dag. Vandag verskuif die wêreld in die regte rigting. Vandag is die Here se nuwe dag. So vertel die Lukas-evangelie ten minste vier keer vir ons. Hierdie nuwe vandag breek aan, wanneer die engele in Lukas 2:10 bokant Betlehem uitroep: "Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!" Jesus se koms lei God se vandag in. Die Messias en die Verlosser van die wêreld se koms is gelyk aan God se nuwe vandag!

God se nuwe vandag gebeur in die tweede plek ook daar in die sinagoge van Nasaret in Lukas 4, wanneer Jesus goeie nuus voorlees uit die profeet Jesaja. Nadat Hy dit gedoen het, sê Hy vir almal: "Vandag is hierdie Skrifwoord vervul!" Jesus self bring hierdie goeie nuus vandag na armes en stukkendes en verlorenes toe.

Derdens gebeur 'n goeie vandag in Lukas 19, wanneer Jesus by Saggeus tuis gaan in Jerigo. Hierdie tollenaar se dramatiese bekering, asook sy besluit om 50 persent van sy besittings voortaan weg te gee, laat Jesus uitroep dat 'n goeie vandag vir hom en sy huis aangebreek het. God se nuwe vandag bring bekering en hoopvir armes.

In Lukas 23 hoor die man aan die kruis langs Jesus vierdens ook van 'n nuwe vandag, 'n ewige een. Hy hoor hoe hy vandag nog saam met Jesus in die paradys gaan wees. Hoor asseblief die goeie nuus saam met hom: 'n Goeie vandag is op hande vir elkeen, wat paaie met Jesus kruis. Gryp hierdie kans van 'n ewigheid aan. Glo in Hom. Volg Hom. Leef naby aan Hom. Gister is oor en verby. Dit is vir altyd agter die rug. Alles het vandag nuut geword. Jesus se teenwoordigheid is sinoniem met 'n nuwe vandag, tot vandag nog!

-Stephan Joubert (eKerk)

Geliefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie,
het ons vrymoedigheid
om na God te gaan;
en wat ons vra,
kry ons van Hom
omdat ons sy geboorte gehoorsaam
en doen wat Hy goedvind.
En dít is sy gebod:
Ons moet in sy Seun,
Jesus Christus, glo
en ons moet mekaar liefhê
ooreenkomstig die gebod
wat Hy ons gegee het.
- 1 Johannes 3:21-23 -

OORSKIET WOL

Indien daar van ons dames is wat sit met oorskiet wol wat nie gebruik word nie en van dit ontslae wil raak, kontak asb vir Jacoba Ras of bring dit op 'n Sondag kerk toe of lewer dit in die week by die kerkkantoor af.

METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorder-opdrag & koeverte is in die voorportaal beskikbaar.

Yoco Kaartmasjien

Elektroniese betaling:
EFT of Zapper

Bankbesonderhede:
NG Kerk Potch-Suid

Absa Tjekrekeningnr 680580049
Takkode 632005

U is welkom om enige van die metodes te gebruik om u dankoffer in te betaal.



Ek wil my debietorder verhoog, kontak my asb.	Naam:
	Selno: